

Kategeet werkblad: 15 Augustus 2010

Teksgedeelte:

Psalm 100

Agtergrond:

Ps. 100 het oorspronklik deel uitgemaak van 'n groter Lofpsalm – voordat die Jode weg gevoer is in ballingskap. Soos wat ons dit nou het, is dit 'n Lofpsalm wat 'n oproep is vir die volk om tempel toe te gaan en daar te aanbid. Na die ballingskap is die psalm verdeel en word die oproep na die tempel steeds gebruik, behalwe daar is nou nie 'n tempel nie. Ons kan dus sê dat hulle opgeroep word tot aanbidding by die “tempel” wat nou hulle lewe geword het – die alledaagse.

Verwagte uitkoms:

Ons lewens word nou die erediens, word die plek waar God geloof word. Ons betuig ons lof aan God deur in dankbaarheid te lewe.

Aksie:

Vertel die volgende storie oor aan die klas:

Hermien het amper haar 14de verjaarsdag en sy voel so opgewonde. Al wat bietjie *suck* is dat haar ma vir haar 'n partytjie wou hou, kan jy glo! “Ek sal eerder self ma!” het sy vinning gesê. “Ma’s weet mos nie eintlik wat my vriende dink *cool* sal wees nie, ek sal 'n baie beter partytjie kan hou – ek het net my ma’le se geld nodig,” het sy gedink.

En so het sy begin, 20 van haar beste vriende is genooi en sy was reg om hulle te *impress*! “Wat het mens nou weer nodig vir 'n partytjie?” het sy gewonder. “*Cupcakes* en baie lekkers, daar moet ponies wees en 'n springkasteel – 'n pienke! Dan moet elkeen nog 'n geskenkpakkie terugvat huis toe! Waar gaan ek al die tyd kry om alles voor te berei?”

Hermien het toe maar 'n week voor die tyd al begin bak aan al die *cupcakes* en moes die hele spul omtrent drie keer bak oor sy nie hulp wou hê nie. “Ek kan dit self regkry!” het sy gesê. Met al die aankope gedoen en die tafels reg gesit was sy op partytjie-dag reg om al haar gaste te ontvang. Die springkasteel was opgeblaas, *cupcakes* mooi versier, die man het gelukkig alreeds die ponies gebring en sy moes toe nog net wag vir al haar vriende om op te daag sodat sy die geskenke kon oopmaak!

Toe besef sy, sy het die koeldrank vergeet! “Wat gaan ek nou maak?” het sy gedink, “ek kan nie nou ewe skielik vir my ma vra om my te help nie, ek wou nie haar hulp gehad het nie. Ek sal maar gaan Oros aanmaak!” Net toe lui die deurklokkie vir die eerste gas. “Ek sal!” skree sy en hardloop na die voordeur. “Kom maar in!” heet sy die eerste vriende welkom, “ek bring nou die koeldrank!” en sy verdwyn na die kombuis, toe die deurklokkie weer lui. Toe sy weer na die voordeur toe hardloop sien sy dat een van die ponies homself tuis gemaak het in die eetkamer en... en besig is om van haar

cupcakes te eet! “Dit vat die koek!” gil sy en spook om die ponie uit die huis gejaag te kry. “Ma! Kom help!” gil sy weer, “hierdie partytjie hou besigheid is moeiliker as wat ek gedink het!”

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as ’n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik.

Diamant vrae:

- Vertel aan die groep van jou gunsteling partytjie waar jy al was/wat jy gehou het.
- Wat sê voorbereiding het ’n goeie partytjie nodig?

Hart vrae:

- Hoe moet mens voel tydens ’n partytjie?
- Hoe sou jy voel as jy agtergekom het dat die dinge by jou partytjie besig is om skeef te loop?

Skoppens vrae:

- Wat sou jy anders gedoen het as Hermien?
- Sou jy sê kerk toe gaan moet vir ons soos ’n partytjie wees of kan ons eerder by die kerk oefen om van ons lewe ’n partytjie te maak?
- Hoe is die lewe soos ’n partytjie?

Die groep kan hier gelei word om te besef dat die erediens ’n oefenplek en ’n oproep is om God te dien in die res van ons lewe. “Kerk” is nie iets wat ons doen nie, maar iets wat ons is. By die gemeente byeenkoms leer ons meer van God se genade, sodat ons dit in die week aan ander kan uitdeel.

Klawers vrae:

- Wat het jy uit Psalm 100 geleer om God te dien?
- Hoe help die gemeente byeenkoms ons om God te loof in die res van die week?
- As jy vir iemand moet verduidelik wat Kerk eintlik is, wat sou jy sê?